# Brokkies Nuus—Brenties
## 4de Kwartaal 2015

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Baie dankie aan ELKE ouer wat toestemming gegee het dat die H.E.Y! span u kind mag bedien met die Woord van God! Dit is vir ons 'n groot voorreg!**

*Dapper Stappers* (3-4jr) het elke Maandag saam met die Bybel karakters gestap. Stories het lewendig geword uit ons GROOT Bybel ! Saam het ons ontdek dat God vir Sy mense sorg—en steeds vandag nog doen! Ook dat Kersfees nie oor die persente gaan nie, maar eintlik oor Jesus wat aarde toe gekom het.
Ons het gesing, gespeel, geknip en plak en lekker saam geleer!
Maar natuurlik was die bak-en-brou die hoogtepunt!!!!





Dankie tannie Yolande vir 'n heerlike PreR *Verkleurmannetjie* jaar. Elke "kleur" van die Bybel is met soveel liefde, passie en kreatiwiteit oorgedra. Die kleintjies het geleer van wonderwerke, emosies en wat God van ons verwag as Sy kinders. Lekker saam geleer van Jesus!!

















### GROEI GOGGAS

En het ons nie gegroei die jaar!!! Saam het ons geleer wat die stappe is om Bybelstudie te doen. Dat ons gebede altyd gehoor word en God ons ook altyd antwoord—maar ongelukkig soms nie die manier wat ons wens nie! Ook hoe om Geestelik te groei as God se kind. Ons 5 vingers herinner ons aan: Bybel lees, bid, kerk toe gaan, getuig en on God te loof en prys.

Die "Uiltjie klas" verken elke beroep in die Bybel. Ons het saam met Daniel verklaar dat ons sal aanhou bid en ons krag sal vind in God. Ook het ons besef dat die belangrikste "werk" wat ons moet doen, is om sendelinge te wees. Vertel vir ander van GOD!!







**Dankie vir jou gebede en ondersteuning !**
**Juanita Lee**
**072 637 4882**